

## HOOFSTUK XI.

## LIDWOORDE.

In Afrikaans het ons maar drie lidwoorde, nl. *die*, *een* ('n) en *geen* (g'n).

*Die* is die bepaalde lidwoord.

*Een* ('n) is die onbepaalde lidwoord.

*Geen* (g'n) is die ontkenning van *een*.

B.v. Hier is *die* boek; Hier is 'n (*een*) boek; Het jy 'n boek?; Nee, ek het g'n boek nie.

In Afrikaans behoort die bepaalde lidwoord dikwels voor te kom waar dit geheel en al nie in Engels gebruik word nie. Dit lyk egter of die Afrikaner nou ook die lidwoord begin weglaat in sulke gevalle, heel waarskynlik onder invloed van Engels; en dit is, onses insiens, af te keur.

Die lidwoord behoort gebruik te word voor name van:—

- (a) Strate, b.v. Hy woon in die Kerkstraat.
- (b) Siektes, b.v. Hy is dood aan die tering.
- (c) Jaargetye, b.v. In die somer is dit baie warm.
- (d) Maaltye, b.v. Ná die ontbyt het ons gaan wandel.
- (e) Voor 'n selfs. n.w. wat in sy *algemene* sin gebruik word, b.v. Die ervaring leer ons . . . .

In bogenoemde gevalle *behoort* hy gebruik te word.

N.B.—Gelukkig het ons in Afrikaans niks van *het*-woorde nie, iets wat die Afrikaner altyd hoofbrekings gekos het, eenvoudig omdat hy nie dieselfde suiwer taalgevoel vir die Nederlandse taal kon kry as hy vir sy eie taal het nie.

## HOOFSTUK XII.

## BYVOEGLIKE NAAMWOORDE.

Die *byvoeglike naamwoord* (of *adjektief*) word altyd in verband met een of ander selfst. naamw. gebruik, en dit dui aan die *eienskap* of *hoedanigheid* van die ding wat die selfst. naamw. voorstel—m.a.w., dit bepaal die selfst. naamw. In die sinne: „Ek het 'n *swart* kat,” en „Dis 'n *goeie* man daardie” is *swart* en *goeie* byvoeglike naamwoorde, omdat hulle ons die *hoedanigheid* of *aard* van die kat en man aandui.

*Byvoeglike naamwoorde* word op twee maniere gebruik: (a) *attributief* en (b) *predikatief*.

Wanneer die byvoeg. naamw. vlak voor die selfst. naamw. staan, dan is dit *attributief*; maar wanneer dit geskei is van die selfst. naamw. wat dit bepaal, deur die werkwoord *is* of enige deel van *is* of *word*, *lyk* en *uitsien*, dan word dit *predikatief* gebruik.

*Voorbeelde* :—

*Attributief*: Hy het 'n *mooi* suster, maar 'n *lelike* broer.

*Predikatief*: Hierdie man is *mooi*. Hy word *groot*. Jy lyk mos *siek*, of, Jy sien daar *siek* uit vandag.

N.B.—In hierdie gevalle is die *adjektief* geskei van sy selfst. naamw. In die *predikatiewe* gebruik, dus, word die *oorspronklike* of *onverboë* vorm van die *adjektief* gebruik; en dit behou dan

ook altyd sy skerp end-letters, soos „Die kind is koud,” „Sy is oud,” „Hy is jonk.” Maar die byvoeg. naamw. word *attributief* gebruik in: die *ou* vrou; die *jong* man.

### SOORTE VAN BYVOEGLIKE NAAMWOORDE.

1.—Byvoeg. naamw. van *hoedanigheid*, nl. 'n adjektief wat die *soort* of *aard* van 'n ding te kenne gee, soos *goed*, *sleg*, *mooi*, ens.

2.—*Stoflike*, byvoeg. naamw., nl. byvoeg. n.w. wat die *materiaal* of *stof* van die selfstandige n.w. aandui, soos *silwer*, *yster*, *koper*, *papier*. (Sien Aanhangsel II.)

3.—*Aanwysende* byvoeg. naamw. Hierdie byv. naamw. *wys aan* of *toon* een of ander selfst. naamw. (Sien Aanwysende Voornaamw.) Hulle is eintlik voornaamwoorde gebruik as byvoeg. naamw., soos *hierdie* (*daardie*) man, *dergelike*, *dieselfde*, *sodanige*, *so'n* en *sulke*. Hierdie woorde kan alleen as byvoeg. naamw. beskou word as hulle vlak voor 'n selfst. naamw. staan. Word hulle alleen gebruik, dan is hulle voornaamwoorde. *So'n* (of *soon*) is die enkelvoud van *sulke*, soos „*So'n man* is goed”; maar „*Sulke manne* is goed.”

4.—*Verlede deelwoorde* gebruik as byvoeg. naamw. Onder hierdie klas kom:—

(a) Die gewone reëlmatige verlede deelwoorde. Wanneer hierdie deelwoord as byvoeg. naamw. gebruik word, kry hulle 'n *-d* aan die end as hulle op *-l*, *-m*, *-n* en *-r* eindig; *teleurgestel* word *teleurgesteld* as dit 'n byvoeg. naamw. is, ens. (Sien Werkwoord—Verlede Deelwoord.)

(b) Die ou *sterk verlede deelwoorde*, wat nou byna uitsluitlik as byvoeg. naamw. gebruik word —'n hele lys van hulle is aangegee onder die werkwoorde—, b.v. *geboë* hoof, *duur-gekogte* vryheid, 'n *uitgesogte* appel.

5.—*Teenw. deelwoorde* gebruik as adjektiewe, soos *singende* voëls, 'ens.

## HOOFSTUK XIII.

## BYVOEGLIKE NAAMWOORDE (vervolg).

## TRAPPE VAN VERGELYKING.

Daar byvoeg. naamw. *hoedanigheid* aantoon, kan hulle ook verskillende *trappe* (of *grade*) van hoedanigheid uitdruk, want 'n mens kan dinge met mekaar vergelyk en te kenne gee of die een ding meer of minder van die sekere hoedanigheid besit as die ander—en diŝ die *adjektief* wat dié onderskeid moet uitdruk, b.v. „Hierdie kat is *groot*” druk die hoedanigheid van die kat uit; „Daardie kat is *groter*” gee te kenne dat die tweede kat die hoedanigheid van *grootte* in 'n *groter* maat besit; „Daardie kat ('n derde) is die *grootste*” wys dat die derde kat die *hoedanigheid* in die *hoogste* maat besit. Ons het hier drie vorme van die byvoeg. naamw., wat ons die *trappe van vergelyking* noem. Die eerste, die gewone vorm van die adjektief, is die *stellende trap*; die tweede is die *vergrotende trap*, en die derde die *oortreffende trap*. 'n Mens vorm die tweede trap deur *-er*, en die oortreffende deur *-ste* agter aan die stellende trap te voeg, soos:—

<i>Stellende Trap.</i>	<i>Vergrotende Trap.</i>	<i>Oortreffende Trap.</i>
swart	swarter	swartste
dwaas	dwaas <sup>er</sup>	dwaasste
grof	growwer	grofste
skeef	skew <sup>er</sup>	skeefste
groot	groter	grootste

los	losser	losste
hoog	hoër (hoger)	hoogste
laag	laer (lager)	laagste
breed	breër	breedste

N.B.—Die volgende reëls moet hier ook gevolg word :—

(a) *-f* ná 'n kort beklemde klank verander in *ww*, en ná 'n lang klank of tweeklank in *w* in die vergrotende trap, soos *growwer* en *dower*.

(b) *-g* ná 'n lang klank val in die vergrotende trap heeltemal weg, soos *hoër* en *laer*. Maar *vlugger*. Die deelteken word alleen gebruik wanneer in sulke gevalle 'n *oe* of *ee* by mekaar kom.

(c) *-d* ná 'n lang klank val weg in die vergrotende trap, soos *breed*, *breër*; *wyd*, *wyër*. (Uits. *wreder* en *gereder*.)

(d) Byvoeg. naamw. wat op *-r* eindig, neem *-der* in die vergrotende trap, soos *suur*, *suurder*; *swaar*, *swaarder*.

(e) Byvoeg. naamw. van één lettergreep op 'n medeklinker eindigende, voorafgegaan deur 'n kort *geaksentueerde* klinker, verdubbel die endmedeklinker in die vergrotende trap. Byvoeg. naamw. van meer as één lettergreep het die aksent nie op die laaste lettergreep nie, en dus kan daar dan geen verdubbeling van die medeklinker wees nie, b.v.

dun      dunner      los      losser

Maar

aandoenlik      aandoenliker      vyandelik      vyandeliker

(f) Byv. n.w. wat op *-g* eindig waar die *-g* vir die Hollandse *-cht* staan, neem *-ter* in die vergrotende trap, soos :—

lig (licht)	ligter	ligste
sag	sagter	sagste

(g) Byv. n.w. wat op *-k*, *-f* of *-s* eindig, maar waarvan die Hollandse vorm op *-t* of *-d* eindig, neem *-ter* of *-der* in die vergrotende trap, b.v.

geskik ( <i>geschikt</i> )	geskikter	geskikste
woes ( <i>woest</i> )	woester	woesste
vas ( <i>vast</i> )	vaster	vasste
wuf ( <i>wuft</i> )	wufter	wufste
onbeskof ( <i>onbeschoft</i> )	onbeskofter	onbeskofste
beleef ( <i>beleefd</i> )	beleefder	beleefste
beskaaf ( <i>beschaafd</i> )	beskaafder	beskaafste
verlief ( <i>verliefd</i> )	verliefder	verliefste

(h) Byv. n.w. wat vroeër op *-uw* geëindig het, maar wat nou die *w* verloor het, het twee *u*'s in die oortreffende trap en twee vorme in die vergrotende trap.

sku ( <i>schuw</i> )	skuier of skuwer	skuuste
slu ( <i>sluw</i> )	sluier of sluer	sluuste

Voorbeelde van die trappe van vergelyking van enige byvoeglike naamw. waarin die spel- en ander reëls gevolg word :—

<i>Stellende</i>	<i>Vergrotende</i>	<i>Oortreffende</i>
kaal	kaler	kaalste
wys	wyser	wysste
dik	dikker	dikste
vriendelik	vriendeliker	vriendelikste
doof	dower	doofste
dof	dowwer	dofste
duur	duurder	duurste
log	logger	logste
dig (Ndl. <i>dicht</i> )	digter	digste
juis	juister	juisste
droog	droër	droogste

<i>Stellende</i>	<i>Vergrotende</i>	<i>Oortreffende</i>
moeg	moeër	moegste
traag	traef	traagste
wyd	wyer	wydste
gereed	gereder	gereedste
ru	ruer (ruwer)	ruuste

## ONREËLMATIGE VORME.

<i>Stellende</i>	<i>Vergrotende</i>	<i>Oortreffende</i>
goed	beter	bes(te)
baie (veel)	meer	meeste
vroeg	eerder (vroeër)	eerste (vroegste)
laat	later	laa(t)ste
nuut	nuwer	nuutste
bietjie (min)	minder	minste
kwaad of kwaai	kwater of kwaajer	kwaadste of kwaaieste
na(by)	nader(by)	naaste(by)
sleg, siek	erger (slegter, sieker)	ergste (slegste, siekste)

Byv. n.w. wat op *-e* eindig, vorm hul trappe van vergelyking met behulp van *meer* en *mees*, b.v.

verleë	meer verleë	mees verleë
tevrede	meer tevrede	mees tevrede
ope	meer ope (oper)	mees ope (oopste)
geleë	meer geleë	mees geleë
verskrokke	meer verskrokke	mees verskrokke
verdeeld	meer verdeeld	mees verdeeld

Hierdie reël sluit natuurlik in alle sterk verl. deelw. en samestellinge daarvan wanneer hulle as byv. n.w. gebruik word. Ander verl. deelw. as byv. n.w. gebruik volg dieselfde reël, b.v. *verdeeld*.

*Meer* word verder gebruik in die verg. trap wanneer twee hoedanighede van dieselfde voorwerp met mekaar vergelyk word, b.v.

My skoene is *meer duur* dan (as) sterk;  
 maar : My skoene is *duurder* dan (as) syne,

Die volgende voorvoegsels as byv. n.w. gebruik het geen verg. trap nie :—

onder	önderste
binne	binnestē
voor	voorste
bo	boonste
buite	buitenste

Vergelykinge kan natuurlik ook gemaak word sonder om juis altyd al drie die trappe te gebruik. Die stellende trap word in vergelykinge gebruik met die woordjies *ewe . . . as; so . . . as; net so . . . as (soos)*, b.v. *Hy is so goed as sy; Jan is net so goed as (soos) Piet.*

In hierdie vergelykinge is die graad van hoedanigheid in elke geval *gelyk* of dieselfde.

Die vergrotende trap word gebruik as twee dinge of persone vergelyk word, maar dan *moet* die woordjies *dan* of *as* gebruik word. As *dan* of *as* weggelaat word, moet die oortreffende trap gebruik word, b.v. „Jan is *slimmer* as (of *dan*) Piet;” „Van Jan en Piet is Jan die *slimste*.”

Die oortreffende trap word ook heel dikwels in 'n *absolute sin* gebruik. Daar is dan geen vergelyking nie. Dit druk maar net 'n baie hoë graad uit. Dit kan geskied op drieërlei wyse :—

(a) In samestellinge, b.v. *eersgenoemde, laasgenoemde, önderstebo.*

(b) In *op* + besittlike voornaamw. + oortreffende trap: *op sy ergste; op hul hardste; op ons gelukkigste.*

(c) Met woorde soos *aller, uifers, uiterste; ten, ten hoogste, hoogstens, hoogs; minstens, ten minste, ens.*

Voorbeelde: Hy doen sy *uiterste* bes; alles *ten beste*; Dit is die *allerpragtigste* blom; Ek is *hoogs* tevrede.

N.B.—In samestellinge kan die vergrotende trap ook in 'n absolute sin gebruik word, b.v. *opperwese, minderjarig.*

Daar is enige byvoeg. naamw. wat geen vergelyking toelaat nie, en dus geen trappe van vergelyking kan hê nie. Hierdie byvoeg. naamw. is:—

(a) Stoflike byvoeglike naamw., soos *silwer, koper, papier, ens.*

(b) Byvoeg. naamw. wat alreeds 'n volmaakte begrip uitdruk, soos *vol, leeg, volmaak, perfek, huidige, daaglikse, dood, ens.* Die Afrikaner is egter baie lief vir oortreffende vorme, en van hierdie woorde maak hy uitdrukkinge soos *horingvol, morsdood, dolleeg.*

Die woorde *vol* en *leeg* word ook dikwels wel vergelyk, b.v. „My glas is *voller* as joue.”

(c) Byvoeg. naamw. wat afkomstig is van selfstandige eie-name, soos *Afrikaanse, Transvaalse, Engelse, ens.*

## HOOFSTUK XIV.

## BYVOEGLIKE NAAMWOORDE (vervolg).

1

## VERBUIGING VAN BYVOEGLIKE NAAMWOORDE.

Die byvoeg. naamw. bly nie altyd dieselfde van vorm nie. In sekere gevalle neem dit 'n *e* aan die end. Wanneer 'n mens die *e* aanlas, *verbuig* jy die byvoeg. naamw. Die moeilikste punt in verband met die Afrikaanse grammatika is die verbuiging van die adjektief.

Die byvoeg. naamw. bly onveranderd, d.w.s dit word nie in die volgende gevalle verbuig nie:—

1.—As dit *predikatief* gebruik word. In hierdie geval word altyd die oorspronklike vorm van die byvoeg. naamw. gebruik, soos „Hy is oud;” verder *koud*, *wyd*.

L.W.—*Lank* en *jonk*, hoewel nie die oorspronklike byvoeg. naamw. nie, word tog *predikatief* gebruik. *Lang* en *jong*, die oorspronklike vorme, word *attributief* gebruik, b.v. „Die man is jonk;” „Die jong kêrels.”

2.—Stoflike byvoeg. naamw. word nooit verbuig nie, soos 'n *silwerketting*, 'n *syrok*, 'n *wolhemp*, 'n *goue ketting*.

Uitsondering: 'n *lakense broek*. (Sien Aanhangel II.)

L.W.—*Goue* is feitlik geen uitsondering nie, want dit is die adjektief wat van Nederlands *gouden* afkomstig is. Die *d* en *n* het weggeval. Vergelyk Ndl. *deuren*, Afr. *deure*; Ndl. *breder*, Afr. *breër*.

L.W.—„Stofname word met die volgende selfst. naamw. nou altyd aaneengeskrywe: *blikbord*, *grasdak*, . . . *syrok*, *ysterpaal*. (Egte stoflike byvoeg. naamw. op *-e* bly natuurlik nog apart: *goue* ketting; *stene* harte; *wasse* tafels; 'n *ysere* wil.)” [*Spellinghervorming*, prof. J. J. Smith.] (Sien Aanhangsel II.)

3.—Die vergrotende trap van die byvoeg. naamw. word nie verbuig nie, ook ander byvoeg. naamw. op *-er*, soos *laer skool*, *hoër opvoeding*, 'n *donker huis*.

4.—Bywoorde gebruik as byvoeg. naamw. word nie verbuig nie, soos 'n *af been*, 'n *toe deur*.

L.W.—In „'n *ope* venster” is *ope* onverboë.

5.—Byvoeg. naamw. op *-el*, *-rm*, *-er* word nie verbuig nie, b.v. *warm dag*, *bitter koffie*.

Uitsonderinge: *ieder*, *seker* en *dubbel*, wat ôf verboë ôf onverboë gebruik kan word, b.v. *iedere keer*, *sekere mense*, *dubbele door*, *seker geneesmiddel* (*seker* sonder *-e* beteken *onfeilbaar*), *dubbelloop*-haelgeweer.

6.—Eenlettergrepige woorde op 'n klinker eindigende en op medeklinkers ander dan *d*, *f*, *g*, en soms *r*, b.v. *rooi doek*, *dik stok*.

7.—Eenlettergrepige woorde op *-ng* word nie verbuig nie, b.v. 'n *lang boek*.

Dit is alleen in die *attributiewe* gebruik van die adjektief, dus, dat die verbuiging voorkom. Hieronder volg die reëls van die verbuiging van die byvoeg. naamw. in Afrikaans.

1.—Eenlettergrepige byvoeg. naamw. op *-d*, *-g*, en *-f* word *altyd* verbuig.

Voorbeelde, op *-d*: 'n *harde* werk, 'n *vreemde* mens, 'n *wye* (van *wyd*) sloot, 'n *gladde* gesig.


N.B.—*d* ná 'n lang klank, soos in *wyd*, *goed*, *oud*, ens., val weg of verander in 'n *i* in die verbuiging. Die woord *oud* word onverboë gebruik en verloor ook nog die *d*: 'n *ou* man, 'n *ou* jong, ens. Die verboë vorm van *dood* en *goed* is *dooie* en *goeie*.

Op *-g*: Alleen wanneer die *g* op 'n klinker volg, word die woord verboë: 'n *sagte* bed, 'n *ligte* taak, 'n *hoë* (*hoge*) boom, 'n *droë* (*droge*) stuk hout, ens.

N.B.—Byvoeg. naamw. op *-g* wat oorspronklik in Hollands op *-cht* geëindig het, neem *-te* in hulle verbuiging, soos *sag* (*zacht*), *sagte*; *lig* (*licht*), *ligte*; *eg* (*echt*), *egte*; *g* ná 'n lang klinker val, nes in die formasie van die vergrotende trap, weg in die verbuiging, soos *droë* (*droge*), *lae* (*lage*).

Op *-f*: 'n *gawe* (*gaaf*) vent, 'n *lieuwe* (*lief*) mens, 'n *lawwe* (*laf*) storie, 'n *dowe* (*doof*) man, 'n *growwe* (*grof*) stem. Maar 'n *muf* kamer, 'n *suf* kêrel.

2.—Eenlettergrepige byvoeg. naamw. op *-r* word ook soms verbuig, maar gewoonlik net as hul in 'n oordragtelike betekenis gebruik word,

b.v. *seer* keel, *gaar* kos, *duur* klere, *baar* skepsel, *teer* hande. Maar *dure* ondervinding, *sware* lyding, 'n *tere* kwessie, *ware* gebeurtenis; en ook 'n *nare* kêrel, 'n *nare* siekte, *dorre* aarde, *pure* man. 

3.—Eenlettergrepige byvoeg. naamw. op -s wat voorafgegaan is deur *t*, *k*, of *p*, of wat oorspronklik in Hollands -st of -z- gehad het, word verbuig, soos *juis* (*juist*), *juiste*; *woes* (*woest*), *woeste*; *boos*, *bose* (*boze*); *trots*, *trotse*; *hups*, *hupse*.

4.—Byvoeg. naamw. wat afgelei is van selfst. naamw. deur -se aan die selfst. naamw. te las, word altyd verbuig, b.v. 'n *Roomse* priester, *wêreldse* dinge, *Griekse* letters, *Duitse* gewere.

5.—Die woorde *heel*, *elk*, *dwaas*, *vals*, *fluks*, *snaaks*, *nuut*, *alle*, *ganse*, *ru*, *slu* word dikwels verbuig, soos die *hele* dag, *elke* mens, 'n *dwase* vent, *vulse* vriende, 'n *flukse* bediende, 'n *snaakse* storie, 'n *nuwe* hoed, *alle* dinge, die *ganse* dag, 'n *ruwe* skepsel, *slinkse* streke, *sluwe* planne. Uitdrukkinge soos *heeldag*, *heelparty*, *in elk geval* is nou geykte terme en bly dus onveranderd.

N.B.—*Heel* word verbuig as dit die betekenis van „ganse” het, maar nie met die betekenis van „nie stukkend nie,” b.v. oor die *hele* (ganse) wêreld; hy het 'n *heel* broek aan.

6.—Twee-, of meer, lettergrepige woorde op die agtervoegsels -lik, -loos, -baar, -saam, -abel, -ig word verbuig, b.v. *lelike* kêrel, *moederlose* kinders, *vrugbare* aarde, *misrabele* skepsel, *vinnige* perde.

7.—Die verl. deelw. wat as byvoeg. naamw. gebruik word, b.v. *duur-gekozte* vryheid.

Die gewone of reëlmatige deelwoorde neem 'n *-de* of *-te* in die verbuiging; eindig die woord alreeds op *-d*, dan kry dit net 'n *-e*, soos *teleurgesteld*—'n *teleurgestelde* man. Eindig die woord op een van die skerp letters, nl. *p*, *t*, *k*, *f*, *s* en *g* (waar die *g* afkomstig is van die Hollandse *cht*), neem dit *-te*, soos *opgeskepte*, *uitgeputte* en *verligte* (*verlichte*).

N.B.—*p*, *t*, *k* neem altyd *-te*, maar *f*, *s* en *g* neem *-de* ook. Volg *f* en *s* op 'n lang klank, of word hulle in Afrikaans gebruik waar die Hollands 'n *v* of *z* het, dan neem hulle altyd *-de*, soos *beproeufde* (*beproeuen*), *verloofde* (*verloven*), *begrensde* (*begrenzen*), *beglansde* (*beglanzen*).

*g* neem altyd *-de*, behalwe wanneer dit staan vir die Hollandse *cht*, soos *ingelegde*, *verdroogde*, *toegesegde*, ens.

Verder neem alle verlede deelw. op klinkers en op die medeklinkers nie hierbo aangegee nie *-de*, soos *verfraaide*, *besaaide*, *gepleegde*.

N.B.—Die gewone verbuigingsuitgang van die verlede deelw. is dus *-de*, behalwe wanneer die woord op *-p*, *-t*, *-k* eindig, wanneer dit altyd *-te* neem. Eindig dit op *-f* of *-s*, as hierdie twee letters op 'n kort klank volg, dan neem dit ook *-te*, b.v. *gebarste*, *gesifte*. Eindig dit op *-g*, as *-g* vir die Hollandse *-cht* staan, neem dit ook *-te*, b.v. *verligte*.

8.—Die oortreffende trap van die byvoeg. naamw., b.v. die *sterkste* jongetjie. (Sommige mense wil beweer dat die oortreffende trap wat alreeds op 'n *-e* eindig, *nie* verbuig word nie, eenvoudig omdat dit alreeds op 'n *-e* eindig.)

9.—Sodra daar *besonder* nadruk op die byvoeg. naamw. gelê word, of as dit figuurlik gebruik word, word dit altyd verbuig, b.v. 'n *swart kat*, maar *jou swarte tater!*; 'n *arm man*, maar so 'n *arme sukkelaar!*; *bitter koffie*, maar *bittere onder-vinding* (trane); 'n *skerp mes*, maar 'n *skerpe verstand*; 'n *vol beker*, maar *volle vertroue*; 'n *groot emmer*, maar *grote begeerte*; 'n *sterk man*, maar *sterke drank*.

10.—Byvoeg. naamw. van hoedanigheid word verbuig as hulle selfstandig gebruik word, b.v. *die harde en die sagte (kussing) is myne*.

Daar is byvoeg. naamw. wat net predikatief gebruik kan word en dus nooit verbuig kan word nie, soos *berispelik*, *boomskraap*, *deelagtig*, *doenlik*, *gedagtig*, *geheg*, *geneig*, *gesind*, *gevat*, *kinds*, *haaks*, *kapot*, *kwyf*, *verkieslik*, *wenslik*, *bestand*, *bevrees*, *bysierende*, ens. B.v. Dit is *doenlik*; Hy is *kinds*.

Enige byvoeg. naamw., weer, kan net attributief gebruik word, soos:—

1.—*Stoflike byvoeg. naamw.*, wat nooit verbuig word nie.

2.—Die volgende: *etlike*, *ganse*, *geruime*, *boonste*, *binneste*, *onderste*, *voorste*, *huidigste*, *beëdigde*, *Atlantiese*, e.a.

## HOOFSTUK XV.

## TELWOORDE.

1.—Telwoordē, kan 'n hoeveelheid aangee, dan is hulle *hooftelwoorde*; maar as hulle die volgorde gee, dan is hulle *rangtelwoorde*.

Elk van bogenoemde klasse kan weer onderling verdeel word in (a) bepaalde, (b) onbepaalde, dus:—

*Hooftelwoorde*: bepaalde hooftelwoorde  
onbepaalde hooftelwoorde

*Rangtelwoorde*: bepaalde rangtelwoorde  
onbepaalde rangtelwoorde

*Bepaalde*

2.—*Bepaalde*

1	een	eerste
2	twee	twede
3	drie	derde
4	vier	vierde
5	vyf	vyfde
6	ses	sesde
7	sewe	sewende
8	ag (maar agtuur)	agste
9	nege (neë)	negende (neënde)
10	tien	tiende
11	elf	elfde
12	twaalf	twaalfde
13	dertien	dertiende
14	veertien	veertiende
15	vyftien	vyftiende
16	sestien	sestiende

17	sewentien	sewentiende
18	agtien	agtiende
19	negentien (neëntien)	negentiende (neën- tiende)
20	twintig	twintigste
21	een-en-twin- tig	een-en-twintigste
29	neën-en- twintig	neën-en-twintigste
30	dertig	dertigste
40	veertig	veertigste
50	vyftig	vyftigste
60	sestig	sestigste
70	sewentig	sewentigste
80	<i>tagtig</i>	tagtigste
88	ag-en-tagtig	ag-en-tagtigste
90	neëntig	neëntigste
100	honderd	honderdste
601	seshonderd- en-een	seshonderd-en-eerste
1,000	duisend	duisendste
1,000,000	miljoen	miljoenste

3.—*Albei* (of *beide*), *halwe*, *geen* is ook nog bepaalde hooftelwoorde.

Opm. (i).—(a) Het jy vyf boeke? Nee, ek het *geen* boek meer nie. In *geen* maande nie.

(b) Dit is *geen* berg nie, dis maar 'n koppie.

In (a) is *geen* 'n telwoord, omdat dit daar die ontkenning van 'n telwoord is, maar in (b) is *geen* 'n lidwoord, omdat dit 'n ontkenning is van 'n lidwoord.

Opm. (ii).—*Half* word altvd verbuig; daarom is dit *halwe*. Die selfst. naamw. van *half* is *helfte*.

Opm. (iii).—(a) *Albei die* seuns is siek. (b) *Die beide* seuns is siek.

Let op die posiesie van die lidwoord in die twee sinne. *Beide* staan vlak voor die selfst. naamw., maar *albei* word gevolg deur 'n lidwoord.

4.—Onbepaalde hooftelwoorde: *baie, veel, sommige, al, 'n stuk of wat.*

5.—Onbepaalde rangtelwoorde: *hoeveelste, soveelste, laaste.*

6.—Hier volg nou 'n paar terme wat in die rekenkunde gebruik word:—

*Optel*:— $2 + 2 = 4$ . Twee en (plus) twee is vier.

*Aftrek*:— $4 - 2 = 2$ . Vier min twee is twee.

*Deel*:— $4 \div 2 = 2$ . Vier gedeel deur twee is twee.

*Vermenigvuldig*:— $2 \times 2 = 4$ . Tweemaal twee is vier.

*Gewone breuke*:—

$\frac{1}{2}$ , een half;  $\frac{1}{3}$ , een derde;  $\frac{1}{4}$ , een kwart,  $\frac{3}{8}$ , drie agstes;  $2\frac{1}{8}$ , twee en een sesde;  $2\frac{3}{4} + 1\frac{7}{8} = 4\frac{5}{8}$ , twee en drie kwart plus een en sewe agstes is vier en vyf agstes;  $\frac{1}{8}$  duim = een aks.

*Desimale of tiendelige breuke*:— $1 \cdot 7$ ;  $2 \cdot 4$ .

*Repeterende breuke*:— $1 \cdot \dot{7}$ ;  $2 \cdot \dot{1}4285\dot{7}$ .

$4^3$ , die derde mag van vier is vier-en-sestig.

$\sqrt{64} = 8$ , die wortel van vier-en-sestig is ag.

Daar is verskillende maniere waarop die Engels „about 4 apples” kan vertaal word: (1) omtrent (ongeveer) vier appels; (2) 'n appel of vier; (3) 'n stuk of vier appels.

## HOOFSTUK XVI.

## DIE VOORNAAMWOORD.

'n Voornaamwoord is 'n woord wat gebruik word in die plek van 'n selfstandige naamwoord—dit wil sê, in die plek van die name van persone en dinge, b.v. ons praat van die man, die vrou, die tafel. As ons in verder gesprek nog meermaal van die man, vrou of tafel moet melding maak, dan, om herhaling te vermy, gebruik ons die woordjies *hy, sy, dit* in die plek van man, vrou en tafel, soos *Die man het ek gister gesien; hy het baie verander. Sê aan daardie vrou dat sy hier moet kom. Die tafel is groot, maar dit is lelik.*

Daar is ses verskillende soorte van voornaamwoorde, nl.

1. persoonlike voornaamwoorde
2. besitlike voornaamwoorde
3. aanwysende voornaamwoorde
4. vraende voornaamwoorde
5. betreklike voornaamwoorde
6. onbepaalde voornaamwoorde

## PERSOONLIKE VOORNAAMWOORDE.

Die *persoonlike voornaamwoorde* word gebruik om een of ander *persoon, dier of ding* voor te stel, soos *ek; jy, hy, dit*, ens. Daar is drie persone: die eerste, tweede en derde persoon. Die

eerste persoon stel die *spreker* self voor, soos *ek*. Die tweede persoon stel die persoon of persone voor wat *aangesprek* word, soos  *jy, u, julle*, ens. Die derde persoon stel die persoon of persone voor *van wie gepraat* word, soos *hy, sy, dit, hulle*, ens.

*Persoonlike voornaamwoorde* van die 1ste en 2de persoon is *gemeenslagtig*. Hulle kan van en deur beide manne en vroue gebruik word, soos *Ek is 'n man*, of *Ek is 'n vrou*; *Jy is 'n goeie man*, of *Jy is 'n goeie vrou*. In die 3de persoon egter word daar 'n onderskeid gemaak. *Hy* word gebruik vir manlike persone of diere; *sy* vir vroulike persone of diere; en *dit* vir onsydige dinge, soos *Hy* (die man) *was hier*; *Sy* (die vrou) *was hier*; *Ek het hom* ('n perd, b.v.) *gesien*; of *Ek het haar* ('n koei) *netnou gesien*. In verband met diere gebruik die Afrikaner ook net so dikwels *dit*. In bogenoemde sin kan *dit* net so goed gebruik word, soos *Ek het dit* (die perd) *gesien*—net so met die ander *gemeenslagtige* woorde, soos *kat, hoender, bees*, ens. Waar egter die spesiale vroulike naam genoem word, soos *koei, merrie*, ens., gebruik 'n mens altyd die vroulike *sy*.

#### VERBUIGING VAN PERSOONLIKE VOORNAAMWOORD.

<i>Enkelvoud.</i>	<i>1ste Naamval.</i>	<i>4de Naamval.</i>
1ste pers.	ek	my
2de pers.	jy of u	jou of u
3de pers.	hy, sy, dit	hom, haar, dit
<i>Meervoud.</i>	<i>1ste Naamval.</i>	<i>4de Naamval.</i>
1ste pers.	ons	ons
2de pers.	julle of u	julle of u
3de pers.	hulle	hulle

*Onderwerp* : Ek (jy, hy, hulle) loop.

*Direkte voorwerp* : Hy slaan my (hom, haar dit).

*Indirekte voorwerp* : Hulle gee (aan) my (hom, julle) 'n boek.

Opm. (i).—*Jy* word gebruik teenoor jou minderes of gelykes, soos bediendes, kinders of intieme vriende, wat jy as jou gelykes beskou. *U* word gebruik teenoor vreemdelinge of mense aan wie jy respek wil toon, soos predikante, ens. Onder kinders is die gebruik van *u* onbekend, tog sal 'n kind nooit vir sy ouers *jy* en *jou* sê nie. Om respek te toon, herhaal hy die selfst. naamw. of naam, soos *Pa, waar gaan Pa heen?*; *Ma, hier is Ma se hoed*; *Meneer, ek het meneer se hoed gesien*.

Die vorm *U* word ook altyd in *besigheidsbriewe* gebruik, wie die brief ook al skrywe.

*U* word ook in verhewe taal gebruik, en in die Bybel. In gebed word *gy* nog gebruik (net soos in Engels „*thou*” en „*thee*.”)

*Jou* (en nooit *U* nie) word ook gebruik in uitroepings, soos *Jou stouterd!*; *Jou vabond!*

Opm. (ii).—As 'n voorsetsel voor 'n persoonlike voornaamwoord staan wat betrekking het op diere of dinge, verander *dit* in *daar*, en die voorsetsel word daaraan gelas. *Op dit* word *daarop*, b.v. *Hier is 'n stoel, sit daarop*. So kry ons ook nog *daaroor*, *daarvan*, *daaraan*, ens.

L.W.—*Met* + *dit* word *daarmee*, *vir* + *dit* word *daarvoor*. *Mee* en *voor* is die byw. van die voorsetsels *met* en *vir*. *Daarvoor*, ens., is voornaamwoordelike bywoorde.

Opm. (iii).—Die *voorwerpsvorme* van die voor-naamwoord word ná *wederkerige werkwoorde* gebruik, soos *Ek was my; Hy verbaas hom*. Partykeer in sulke gevalle versterk ons die voor-naamwoord deur *self* agteraan te las, soos *Ek was myself; Hy verbaas homself*. Die woordjie *self* gebruik 'n mens ná enige voor-naamwoord as jy nadruk op die persoon wil lê, soos *Ek self het dit gedaan; Sy het self dit gesé*.

Opm. (iv).—Die woord *mekaar* noem ons 'n wederkerige voor-naamwoord: *Hulle was hulle*, of *Hulle was hulleself* is presies dieselfde; maar *Hulle was mekaar* het 'n ander betekenis. Hier gaan die handeling wederkerig van die een tot die ander. *Mekaar* kan natuurlik net in die *meervoud* gebruik word en in enige persoon: *Ons was mekaar; Julle was mekaar*, ens.

DIE BESITLIKE VOORNAAMWOORDE.

Die besitlike voor-naamwoorde druk 'n besitting uit en is die volgende:—

	<i>Enkelvoud.</i>	<i>Meervoud.</i>
1ste pers. :	my, myne	ons, ons s'n
2de pers. :	jou, joue, u, uwe	julle, julle s'n, u
3de persoon :—		

	<i>Enkelvoud.</i>	<i>Meervoud.</i>
Man.	sy, syne	hul(le), hulle s'n, se
Vrou.	haar, hare	hul(le), hulle s'n, se
Onsy.	sy, syne	hul(le), hulle s'n, se

Ons sien dus dat elke persoon twee vorme van die besitlike voor-naamwoord het. Die eerste vorm, nl. die onverboë vorm (sonder *-s*), soos

*my, jou, sy, ens.*, word gebruik net soos 'n byvoeg. naamw. vlak voor 'n selfst. naamw., soos *Dit is my boek; Hy het jou (of u) sweep; Waar is sy (refererende na 'n man) hoed?; Sy is gesteld op haar klere; Ons vriende is weg; Julle (of u of hulle) skape is hier.*

N.B.—*Julle* en *hulle* kan gebruik word met of sonder die *-e* aan die end: *Dit is iul (of julle) werk; Dit is hulle (of hul) boek.*

Die tweede vorm, nl. dié op *-e*, word *selfstandig* of *alleen* gebruik en gewoonlik ná die werkwoord *is (was)*, soos *Dit is myne, joue, syne, hare, ons s'n, julle s'n, hulle s'n*. Die woordjie *s'n* word ook alleen gebruik ná 'n selfstandige naamwoord, gewoonlik aan die end van 'n sin: *Dit is Piet s'n, of die kinders s'n*. Van 'n vrou kan 'n mens sê: *Dit is die vrou s'n (of die vrou hare)*.

Die woordjie *sinne*, wat dikwels gehoor word, is dieselfde as *s'n*, wat in die skryftaal meer aangemoedig behoort te word. *Sinne* klink slordig. B.v. *Dit is Pa s'n* i.p.v. *Dit is Pa sinne*.

Vir *joue* sê baie mense *joune*, soos *Dit is joune*. *Joune* is egter af te keur. *Dit is joue* i.p.v. *Dit is joune*.

In die 3de persoon kry ons nog 'n derde vorm van die besitlike voornaamw., nl. *se*. Hierdie vorm word gebruik alleenlik tussen twee selfst. naamw., en dit vorm dan die possessief van die eerste selfst. naamw.: *Dit is pa se pyf, of ma se hoed, of die kinders se hoede*. In die vroulik kan 'n mens ook sê: *Ma se (of ma haar) hoed; in die meerv. die kinders hul hoede*. *Se* is egter die gewone woord wat in elke geval gebruik word.

## AANWYSENDE VOORNAAMWOORD.

'n Aanwysende voornaamw. toon aan of 'n ding *naby* of *ver* is. In Afrikaans is daar net 'n paar aanwysende voornaamw., nl. *hierdie* en *daardie*, wat gebruik word vir mense en dinge, watter geslag hulle ook mag wees.

*Hierdie* wys iets aan wat digby is, *daardie* iets wat ver is, soos *Hierdie is myne, daardie* (verder weg) *is joue*.

*Hierdie* en *daardie* word gebruik alleen of word versterk deur *een*, soos *Hierdie een is myne; daardie een is syne*. Wanneer *hierdie* of *daardie* voor 'n selfst. naamw. gebruik word, dan word hulle *byvoeglik* gebruik: *Hierdie man het so gesê*. As ons die twee woorde in verband met voorsetsels gebruik, soos *om, van, mee*, ens., dan verander hulle in *hier* + voorsetsel, ens., en *daar* + voorsetsel, b.v. ons *sê nie van hierdie of daardie* nie, maar *hiervan en daarvan*. Gebruik ons die *een* ná *hierdie* of *daardie*, dan bly hulle onveranderd, soos *Ek praat van hierdie een* (of *hiervan*), en *van daardie een* (of *daarvan*).

Ander baie belangrike aanwysende voornaamwoorde is *dit* en *dié*, b.v. *Dit is 'n appel; dié nag*. *Die* as 'n aanw. voornaamw. het gewoonlik 'n aksent: *dié*.

Die woord *dieselfde*, wat eintlik 'n byvoeg. naamw. is, word ook as 'n aanw. voornaamw. gebruik, soos *Dis dieselfde een wat ek gesien het; Dis dieselfde of jy dit doen of nie*. (In 'n sin soos *Dis dieselfde man* is dit 'n byvoeg. naamw.) *Selfde* word ook gebruik vir *dieselfde*, soos *Dis selfde of hy kom of nie*.

Opm. (i).—Die woorde *so'n*, *sulke*, *dergelike*, ens., word altyd byvoeglik gebruik.

Opm. (ii).—Uit die Hollands kry ons die geÿkte terme *vandeemaand* (vir „hierdie maand”), *vandeessaar*, *duskant* (*deze kant*). *Dese* en *gene*, *dit* en *dat*, soos *Ons het dit en dat gepraat*, en ook *diegene* vir *die mense*, of *dië*. Hierdie terme word maar selde, behalwe in skryftaal, gebruik.

## HOOFSTUK XVII.

## VOORNAAMWOORDE (vervolg).

## VRAENDE VOORNAAMWOORDE.

Die voornaamwoorde wat ons gebruik om vrae te stel, noem ons *vraende voornaamwoorde*; en hulle is die volgende: *wie?*, *wat?*, *watter?*, *waffer?*, *wat vir 'n?*, *wie s'n?*

*Wie* word gebruik van persone, manne of vroue, enkelvoud of meervoud, soos *Wie is daar?*

*Wat* word gebruik van dinge, soos *Wat sê jy?*

Hierdie voornaamwoorde het, net soos die persoonlike voornaamw., ook naamvalle.

N.B.—Ons druk die poss. vraend dus uit: *Wie se boek is dit?* of *Wie s'n is dit?* (*Wie se* word voor 'n selfst. naamw. gebruik; *wie s'n* alleen.) *Wat* het geen possessief nie. As ons in verband met lewenslose dinge vraend die possessief wil uitdruk, sê ons *Watter een s'n is dit?*

As 'n voorsetsel met die vraende voornaamw. gebruik word en dit betrekking op 'n *dier* of *ding* het, verander *wat* in *waar*, en die voorsetsel word nog aangelas, b.v. *van wat* word *waarvan*, b.v. *Waarvan* praat jy? of *Waar* praat jy van?

Daar is 'n sterk neiging onder jong Afrikaners om hierdie reël omver te werp. So word gesê *Met wat het jy die hond geslaan?* i.p.v. *Waar-*

*mee*, ens. Hier is dit die Engelse invloed wat hom laat geld. Sulke *anglisismes* is ten sterkste af te keur.

Die woord *watter* of *waffer* word gebruik soos 'n byvoeg. naamw., d.i. voor 'n selfst. naamw. of die woordjie *een*, soos *Watter man* (of *vrou*) *was hier?*; *Watter een bedoel jy?*; *Watter een s'n* (possessief) *is hierdie boek?* In plaas van *watter* sê baie mense *wat se*, soos *Wat se boek het jy daar?*

#### BETREKLIKE VOORNAAMWOORDE.

'n Betreklke voornaamwoord het betrekking op of refereer terug na 'n selfst. naamw. of naam van persoon of ding wat alreeds vooraf in dieselfde sin voorgekom het, soos *Die man wat hier was, is siek.* *Wat* is hier die betrek. voornaamw., omdat dit terugrefereer na *man*. In só 'n geval noem ons die selfst. naamw. die *antesedent* van die betrek. voornaamw.

'n Betrek. voornaamw. kom alleen voor in *samegestelde sinne*. 'n Samegestelde sin is 'n lang sin wat bestaan uit 'n hoofsin en minstens een bysin. Neem die sin *Die man wat hier was, is siek.* *Die man is siek*, is die hoofsin, en *wat hier was* die bysin; en die twee tesame maak een samegestelde sin. Die betrek. voornaamw. staan dus altyd in 'n sinnetjie van sy eie wat 'n uitleg of verklaring gee van die voorafgaande selfst. naamw., of *antesedent*.

Die betrek. voornaamw. kan dus die onderwerp of voorwerp wees van sy eie sin.

B.v. (1) *Die man* (of mense) *wat hier was, is siek.* Die betreklke sin (*wat hier was*) is dieselfde

as *wat was hier*. *Wat* is hier dus die onderwerp of nominatief.

(2) *Die man wat jy geslaan het, is siek*. Die betreklike sin is *wat jy geslaan het* en dus dieselfde as *Jy het geslaan wat*, waar *wat* dus die direkte voorwerp is. Verder: *Die man wie se* (possessief) *hoed weg is, is siek*, en *Die man van wie jy gepraat het, is siek*.

#### *Verbuiging van Betreklike Voornaamwoord.*

Onderwerpsvorm: *wat, wie*:

Possessiefsvorm: *wie se, van, wie, waarvan*.

Voorwerpsvorm: *wie, wat, waar* + voorsetsel.

(Enkelvoud en meervoud is net dieselfde.)

N.B.—*Wat* word vir die nominatief en direkte voorwerp gebruik vir *mense* sowel as *dinge*.

*Wie se* of *van wie* word alleen van mense gebruik, en *waarvan* van diere of dinge, b.v. *Die vrou wie se* (of *van wie die*) *kind siek is, is weg*; *Die koei waarvan die kalf siek is, is weg*. Ná 'n voorsetsel verander *wat* in *wie* as dit betrekking het op *persone*. Maar as dit na 'n *ding* of 'n *dier* refereer, word dit *waar* + die voorsetsel, b.v. *Die man oor wie ek gery het, is in die hospitaal*; *Die stok waaroor ek gery het, is stukkend*.

Soms lyk dit wel of die reël gebreek word in sinne soos *Ek hoor niks van wat hy sê nie*. Maar hier is die antesedent verswyg. Volledig sou dit wees *Ek hoor niks van alles wat hy sê nie*. So ook met *Hy eet niks van (alles) wat ek hom gegee het nie*. En dan ook weer *sonder dit te sê* staan vir *sonder om dit te sê*. Hier bepaal *sonder nie dit nie*, maar wel die *infinities*.

Soms wel het die betrek. voornaamw. geen antesedent nie; of liever, die antesedent is verswyg. In so 'n geval is die betrek. voornaamw. *wie* vir *persone*, en *wat* vir *diere* of *dinge*, b.v. *Wie* so *sê*, *praat* nie die *waarheid* nie. (*Wie* in plaas van *wat*.) *Wat* *jy* *sê*, *moet* *jy* *doen*.

#### ONBEPAAALDE VOORNAAMWOORDE.

Die onbepaalde voornaamwoorde stel persone of dinge onbepaald voor, soos *iemand*, *niemand*, 'n *mens* (*mens*) of *jy* (in dieselfde sin as *mens* gebruik), *iets*, *niks*, *alles*, *geeneen*, *iedereen*, *elkeen*, *wat*, *almal*, *party*.

Die woorde 'n *mens* (of net *mens*) en *jy* (*jou*) word heel dikwels gebruik. Hulle word altwee in dieselfde onbepaalde, algemene sin gebruik, soos 'n *Mens* (of *Jy*) *kan* *byna* *nie* *glo* *wat* *hy* *sê* *nie*. 'n *Mens* of *jy* kan hier beteken die spreker self, of die aangesprokene, of alle mense oor die algemeen. In die possessief word hulle ook gebruik, soos *Dit* *is* *bokant* 'n *mens* *se* (of *jou*) *vuur*-*maakplek*.

Voorbeelde: *Ek* *het* *iets* *gehoor*; *Jy* *het* *niks* *gesien* *nie* (*niks* neem altyd die dubbele ontkenning); *Alles* *is* *verkeerd*; *Geeneen* *het* *gekom* *nie*; *Iedereen* (of *elkeen*) *weet* *dit*.

N.B.—(i) Vir die Nederlandse *men* in, b.v., *Men* *zegt*, word hulle gebruik, b.v. *Hulle* *sê* *dit* *is* *onwaar*.

(ii) As 'n byvoeg. naamw. wat selfstandig gebruik word, ná die onbepaalde voornaamw. *niks* of *iets* kom, kry dit 'n *s*. Dit word die *partitiewe* (of *verdelings-*) *geneties-s* genoem, b.v. *Niks* *goeds* *nie*; *iets* *moois*.

## HOOFSTUK XVIII.

## DIE WERKWOORD.

Soos die naam self te kenne gee, is 'n *werkwoord* 'n woord wat een of ander werking of handeling aandui, soos *loop*, *sing*, *sien*. Elke volmaakte sin het 'n werkwoord, en die werkwoord druk altyd die handeling uit, b.v. *Die vrou was die klere*; *Hy sal gaan*.

In die behandeling van die werkwoord (w.w.) kry 'n mens *wyse*, *vorm*, *tyd* en *persoon*.

Die *WYSE* van 'n w.w. dui aan *hoe* of op watter manier 'n handeling plaasvind, nl. of dit *beslis* of *onbeslis* is, soos *Ek werk*; *Hy sal loop* (beslis), en *Ek mag werk*; *Hy sou gaan* (onbeslis). Ons kry twee verskillende wyse van besliste handeling, nl. die *aantonende wys* en die *gebiedende wys*, en twee wyse van onbesliste handeling, nl. die *byvoegende wys* en die *onbepaalde wys*. Daar is dus altesame vier verskillende wyse in die werkwoord.

Die *VORM* van 'n w.w. toon aan in watter vorm 'n handeling geskied—of 'n persoon self iets doen, soos *Die man slaan*, en of daar iets aan hom gedaan word, soos *Die man word geslaan*. Daar is dus twee vorme, nl. die *bedrywende vorm* en die *lydende vorm*. *Die man slaan* is in die *bedrywende vorm*, want daar doen of bedryf die man self iets. *Die man word geslaan* is in die *lydende vorm*, want hier doen die man self niks nie, maar

is wel 'n party aan wie iets gedaan word—die lydende party.

Die TYD van 'n w.w. maak duidelik *wanneer* 'n werking plaasvind—of dit in die *verlede* geskied het, soos *Ek het geloop*, of dit *nou* gebeur, soos *Ek loop*, en of dit nog in die *toekoms* moet gebeur, soos *Ek sal loop*. Elke reëlmatige w.w. het dus minstens drie tye, wat ons noem die *verlede*, *tyd*, *teenwoordige tyd* en die *toekomstige tyd*.

Die PERSOON van die w.w. dui aan (a) *die persoon self wat praat* (1ste persoon, *ek*); (b) *die toegesproke persoon* (2de persoon,  *jy of u*); (c) *die persoon of ding van wie of waarvan gepraat word* (3de persoon, *hy, sy, dit*).

#### VERVOEGING VAN REËLMATIGE WERKWOORDE.

Soos alreeds gesê, is daar vier wyse in elke w.w., met ander woorde elke w.w. kan so verander of gebruik word dat dit *vier* soorte of wyse van handeling aantoon—twee beslis en twee onbeslis. Ons neem die w.w. *werk* en sal elke *wys* daarvan in besonder aangee; en soos hierdie w.w. *vervoeg* word, word elke ander reëlmatige w.w. vervoeg. Die onreëlmatige w.w. sal later behandel word. Die aangee van die veranderinge wat elke w.w. deur *wyse, vorm, tyd* ondergaan, noem ons *vervoeging*. As ons dus die verskillende dele van 'n w.w. aangee, dan *vervoeg* ons dit. Ons begin met die *aantonende wys*. Hierdie *wys* druk nie alleen 'n besliste handeling uit nie, maar is ook die vernaamste *wys*—die een wat die meeste gebruik word.

## AANTONENDE WYS.

<i>Enkelvoud.</i>	<i>Teenw. Tyd</i>	<i>Verl. Tyd</i>	<i>Toek. Tyd</i>
1ste pers. ek	werk,	het gewerk,	sal werk
2de pers. jy of u	werk,	het gewerk,	sal werk
3de pers. hy, sy, dit	werk,	het gewerk,	sal werk

*Meervoud.*

1ste pers. ons	werk,	het gewerk,	sal werk
2de pers. julle	werk,	het gewerk,	sal werk
3de pers. hulle	werk,	het gewerk,	sal werk

Opm. (i).—Die vorm van die w.w. bly dieselfde in die meervoud as in die enkelvoud, en ook in al die verskillende persone, 1ste, 2de of 3de, van dieselfde tyd.

Opm. (ii).—Die teenwoordige tyd is die *injinief* van die w.w., wat dieselfde is as die stam van die Nederlandse w.w., b.v.

Ndl. w.w. *werken* Stam en Afrik. infin. *werk*

„ „ *eten* „ „ „ „ *eet*

Uitsonderinge: *gaan, staan, slaan, sien, doen, wees, hê.*

L.W.—*Het* het ook *hê* as infin. (vgl. *wezen* en *zijn* in Ndl.).

Die infinitiefvorm *het* word in die teenw. en die volm. tye (d.i. in die verl. infin.) gebruik, maar *hê* in die onvolm. toek. tyd, en ook met die hulpw.w., soos *kan, mag, wil.*

Opm. (iii).—Die verl. tyd word gevorm met die hulpw.w. *het* + die verl. deelwoord van die w.w., wat gevorm word deur *ge-* + infin., b.v. *staan* (infin.), *ge-staan* (verl. deelw.); *eet* (infin.), *ge-eet*

verl. deelw.). Uitsondering: *hê, het, wat gehad* as verl. deelw. het.

(a) As die w.w. egter alreeds begin met een van die voorvoegsels *be-, ge-, her-, er-, ont-, ver-*, is die verl. deelwoord dieselfde as die infin., b.v. *begin: Ek het begin; geloof: Ek het geloof; maar Hy het gebedel*. In *bêdel* en *bésig* is *be-* geen voorvoegsel nie.

(b) Tweelettergrepige w.w. op *-eer* het gewoonlik nie die voorvoegsel *ge-* in hul verl. deelwoorde nie; maar w.w. op *-eer* van meer as twee lettergrepe het wel die voorvoegsel. Dit is omdat die eerste deel van tweelettergrepige w.w. op *-eer* swak-beklemd is. As daar dan nog 'n swak-beklemdede voorvoegsel vooraan gelas word, kry ons twee swak-beklemdede lettergrepe onmiddellik gevolg deur 'n sterke. Dit klink 'n bietjie onnatuurlik en is in stryd met die harmonie van die taal. Maar in die geval van w.w. op *-eer* van meer as twee lettergrepe word die eerste lettergreep halfsterk geaksentueer, en dit sal niks meer as natuurlik en harmonies wees om die voorvoegsel *ge-* voor aan te las nie. Dan kry ons 'n halfsterk-beklemdede lettergreep tussen twee swak-beklemdes, met 'n sterk-beklemdede een aan die end, b.v.

Loseer	Ek het daar <i>loseer</i> .
Agiteer	Hulle het baie <i>geagiteer</i> .
Studeer	Hy het daar <i>studeer</i> .
Eksamineer	Hy het my <i>geëksamineer</i> .

(c) Onskheidbaar-saamgestelde w.w. kry ook geen *ge-* in die verl. deelw. nie, b.v. *Hy het sy moeder onderhou*. (Dié soort w.w. sal later vollediger behandel word.)

Opm. (iv).—Die verl. tyd kan ook nog uitgedruk word deur *toe* + teenw. tyd. Dit is die *verhaaltrant*. (Sien verder bls. 100.)

Dan is daar ook nog sekere w.w. wat 'n sterk verlede-tydsvorm het. (Sien 2 a, bls. 99.)

Opm. (v).—Die toek. tyd word gevorm deur die hulpw.w. *sal* + die infin., b.v. *eet* (infin.), *Ek sal . . . eet* (toek. tyd).

### VOLMAAK·VERLEDE TYD.

*Ek, jy, u, hy, sy, dit, ens., het* (soms *had*) . . . *gewerk*.

*Opmerkinge oor die Volm. Tye:—*

Om die volm. teenw. tyd te kry gebruik ons maar net die voorsetsels *reeds, alreeds, al* by die gewone verl. tyd, dan toon dit duidelik aan dat die handeling alreeds klaar, volmaak is, b.v. *Toe hy my sien, het ek al die appel geëet*. Hier sien ons dat die appel nie meer daar was toe hy my sien nie. Ons hoor ook dikwels *Toe hy my sien, het ek die appel al geëet gehad*. Die *gehad* is glad nie nodig nie, want *al* en *gehad* in dieselfde sin is oortollig. Die laasgenoemde manier van uitdrukking is af te keur. Dieselfde geld ook vir die volm. verl. Maar daar kan ons ook die verl. tyd van *het* (*had*) as hulpw.w. gebruik, b.v. *Ek het* (of *had*) *al my werk klaar*, i.p.v. *Ek het* (of *had*) *al my werk klaar gehad*. En in die volm. toek. tyd is *Ek sal al gewerk het* beter as *Ek sal al gewerk gehad het*.

*Opmerkinge oor die Aantonende Wys:—*

1 (a).—Die w.w. *gaan, staan, slaan, sien* en *doen* kan in die teenw. tyd, 2de en 3de persoon enkelvoud, ook die vorme *gaat, staat, ens., neem, soos:—*

Ek	gaan,	staan,	slaan,	sien,	doen
Jy of u	gaan,	staan,	slaan,	sien,	doen
Hy, sy (dit)	gaan,	staan,	slaan,	sien,	doen
	<i>of</i>				
Jy of u	gaat,	staat,	slaat,	siet,	doet
Hy, sy (dit)	gaat,	staat,	slaat,	siet,	doet

Die meervoud is *gaan, slaan, ens.,* reëlmatig dwarsdeur. Die reëlmatige vorme op *-n, nl. gaan, slaan, ens.,* is meer gebruiklik en ook verkieslik bo die ander vir onderwysdoeleindes. Alle samegestelde w.w. gevorm van hierdie vyf w.w. volg dieselfde reël, soos *vergaan, verstaan, beslaan, ens.* 'n Mens kan sê *Jy (of u) vergaan* of *vergaat; Hy verstaan* of *verstaat, ens.*

(b) W.w. wat op *-g* eindig, soos *jaag, veeg, kryg, plaag, vraag, ens.,* kan ook gebruik word sonder die *g*, soos *jaag* of *ja; veeg* of *vee; kryg* of *kry, ens.* Beide vorme van hierdie w.w. word gebruik in die teenwoordige tyd, sowel as in die verlede en toekomstige tye: *Ek jaag* (of *ja*); *Ek het gejaag* (of *geja*); *Ek sal jaag* (of *ja*). Maar *sêg* word *sê* en *leg* word *lê*.

N.B.—Volgens ons spelreëls val by die wegneem van die *g* aan die end van hierdie w.w. ook die een klinker weg as daar 'n dubbel klinker in dié woord is, soos *jaag—ja*. Alleenlik 'n dubbel *e* word behou aan die end van 'n woord, soos *veeg—vee*.

(c) W.w. wat op *-f* eindig, het gewoonlik twee vorme in die infinitief en verl. deelw., b.v. *skryf* of *skrywe*, *geskryf* of *geskrywe*; *leef* of *lewe*, *geleef* of *getewe*. Maar die Nederlandse *geef* word *gee*.

Opm. 2 (a).—Die verlede tyd word oor die algemeen met *het* + verl. deelw. gevorm. Die onderskeid wat daar in Hollands bestaan tussen sterk en swak w.w., verval dus in Afrikaans. Daar is net 'n paar woorde wat in die verlede nie die *het* gebruik nie, of langs die vorm met *het* ook nog 'n sterk vorm besig. Dié vorm, soos dit in die w.w. hieronder voorkom, is die ou Nederlandse sterk ónvol. verl., of *imperfektum*.

ek is	ek was
ek word	ek werd, of het geword
ek wil	ek wou
ek mag	ek mog (maar selde gebruik)
ek sal	ek sou
ek kan	ek kon
ek moet	ek moes
ek het	ek had
ek weet	ek wis, of het geweet
ek dink	ek dag, dog, of het gedink, gedag of gedog

(Hierdie w.w. word later behandel onder onreëlmatige w.w.)

Die invloed van die Holl. sterk w.w. vind ons sterk in die formasie van die verlede deelwoorde van sekere werkwoorde. Maar hierdie punt sal aangeroer word in die behandeling van die deelwoorde.

♫ (b) Enkele w.w. wat 'n gebeurtenis of 'n verandering van plek of toestand aantoon, kan in die verl. tyd ook is i.p.v. het gebruik, soos *Dit is gister gebeur; Dit is geskied; Hy is gestorwe; Hy is verander; Hy is groot geword; Hy is getroud*. Met die uitsondering van *Hy is gestorwe* alleen verkies die Afrikaner selfs in hierdie geval om te sê *Dit het gebeur, het geskied; Hy het verander, het . . . . getrou*. Daar is 'n onderskeid tussen *Hy het getrou* en *Hy is getroud*. Waar die w.w. *trou* oorganklik is (as dit 'n voorwerp het), dan gebruik 'n mens *het*; maar waar dit 'n verandering van toestand aandui, kan jy is gebruik, b.v. *Hy het gister 'n mooi vrou getrou*. Hier moet *het* gebruik word. Maar *Hulle is gister getroud*.

(c) In *verhaaltrant* en in beskrywinge wat baie handeling in die verlede tyd weergee en dus 'n oortollige gebruik van *het* veroorsaak, gebruik die Afrikaner meestal die teenw. tyd in plaas van die verlede.

B.v. „*Ek ry na die huis, klim af en klop aan die deur, en 'n vrou maak toe die deur vir my ope.*” Dit druk dieselfde op 'n mooier manier uit as: „*Ek het na die huis gery, afgeklim en aan die deur geklop, en 'n vrou het toe vir my ope-gemaak.*”

Ná die woordjie *toe* gebruik ons ook vry algemeen die teenw. tyd in plaas van die verlede, soos *Toe ek daar aankom, stap hy vorentoe en gee my 'n handdruk*. Dit beteken dieselfde as *Toe ek daar aangekom het, het hy vorentoe gestap en my 'n handdruk gegee*.

Opm. 3.—Die volmaak verlede tyd word selde maar *tog* gebruik. Waar 'n mens 'n gebeurtenis van die verlede beskryf en feite of handeling moet noem wat alreeds afgedaan was toe die besonder gebeurtenis wat beskryf word, plaasgevind het, dan gebruik 'n mens die volmaak verlede tyd om die volmaakte en alreeds afgedane handeling uit te druk, soos *Hy had al klaar geëet toe ek gister daar kom*. Die *had* hier vertel ons dat die ete alreeds afgedaan was toe my koms plaasvind. Vergelyk hierdie sin met sin 2 in Opm. 2(c): *Toe . . . . het hy vorenloe gekom*, waar die *het* 'n *gelyktydige* handeling uitdruk met die aankoms.

## HOOFSTUK XIX.

## WERKWOORD (vervolg).

## GEBIEDENDE WYS.

Soos reeds gesê, is die *aantonende wys* die ver-  
naamste. Dis die wys wat ons gebruik in die  
aangee van feite en in vertellings en beskrywinge.  
Die *gebiedende wys* druk ook besliste handeling  
uit, maar dit word slegs gebruik in een geval, nl.  
om 'n *bevel* of *gebod* uit te druk. Om 'n bevel  
uit te druk gebruik ons net een vorm van die w.w.,  
nl. die stam, of die vorm wat ons in die aan-  
tonende wys teenw. tyd besig, soos *werk*, *loop*,  
*bring*, ens. Die enkelv. en die meerv. van die  
gebiedende wys is presies dieselfde.

*Enkelvoud.*

*Meervoud.*

Werk (jy)!

Werk (julle)!

Of ons dus sê *Piet, bring die emmer*, of *Kin-  
ders, bring die emmer*, die vorm van die w.w. in  
die gebiedende wys bly dieselfde. Die w.w. in  
die gebiedende wys het ook geen verskil van tyd  
nie—dit het net een tyd, en dit is die *teenwoordige*,  
wanneer die bevel gegee word. Of 'n mens sê  
*Man, bring dit nou*, of *Bring dit môre saam*, bly  
die w.w. tog dieselfde. As 'n mens 'n bevel wil

uitdruk wat in die verlede gedaan is, dan gee jy gewoonlik tussen aanhalingstekens die presiese woorde van die bevel aan, soos *Hy sê gister aan my: „Man, loop hier weg!”*

'n Ander manier waarop 'n bevel uitgedruk kan word, is deur die hulpw.w. *moet*, en dan kan ons ook nog praat van 'n bevel in die 1ste, 2de of 3de persoon enkelv. of meerv., b.v. *Jy moet werk; hulle moet leer*. As ons hierdie hulpw.w. gebruik, kan ons wel praat van 'n bevel in die verl. tyd, en selfs ook in die toek. tyd, b.v. *Hy het gister gesê dat ek moes wegloop; Hy sal dit moet doen*.

'n *Negatiewe bevel* word altyd uitgedruk met (a) *moenie (moet nie) . . . nie*; (b) *nie . . . nie*; b.v. (a) *Man, moenie jou dood werk nie*; (b) *Werk tog nie so slordig nie*.

N.B.—Woordjies soos *moet, mag, sal*, ens., wat nie alleen kan staan nie, maar altyd 'n ander w.w. nodig het, soos *werk, loop, bring*, in die bo-aangewese sinne om 'n voltooide sin te maak, noem ons *hulpwerkwoorde* (word later behandel). Die vorm van die w.w. wat altyd na dié hulpw.w. gebruik word, is die onbepaalde wys, of infinitief.

#### BYVOEGENDE OF AANVOEGENDE WYS.

Die *byvoegende wys* druk onsekere handeling uit en word in Afrikaans gebruik net om 'n moontlikheid of 'n wens uit te druk.

Om 'n moontlikheid of wenslikheid uit te druk gebruik ons gewoonlik die hulpw.w. (a) *mag* of (b) *sou*, soos b.v.:

: (a)—MAG :—

*Teenw. Tyd.**Verlede Tyd.*

Ek mag werk.

Ek mag gewerk het.

Jy mag werk.

Jy mag gewerk het.

Hy (sy) mag werk.

Hy mag gewerk het, ens.

Ons mag werk.

Julle mag werk.

Hulle mag werk.

*Mag* het gewoonlik 'n toekomstige betekenis. *Mag* word hier nie gebruik in die sin van „Ek is toegelaat om te werk” nie, maar wel om 'n *moontlikheid* weer te gee in die sin van „Ek mag werk as ek daartoe lus het!” nl. „Dit is moontlik dat ek sal werk as ek lus het.”

(b)—Sou :—

*Verlede Tyd.**Volmaak Verlede Tyd.*

Ek sou werk.

Ek sou gewerk het, ens.

Jy of u sou werk.

Hy sou werk.

Ons sou werk, ens.

N.B.—Die werkwoordjie *sou* kan natuurlik ook in die aant. wys gebruik word, nl. as *verlede tyd* van *sal* (sien onreëlmatige w.w.); maar daar die woordjie *sou* byna altyd 'n *moontlikheid* of onsekere handeling uitdruk, is dit byna altyd in die byvoegende wys, b.v. *Hy het gesê dat hy dit sou doen as hulle hom kom vra*, of *Ek sou gegaan het as jy my gevra het*. Die *teenw. tyd* van

hierdie w.w., nl. *sal*, is altyd in die aantoneñde wys, want dit dui aan besliste handeling, soos *Ek sal gaan as jy my vra*.

Die byvoegende wys druk ook 'n *wens* uit, en dit word dan ook gebruik net in sinne soos die volgende, waar die posiesie van die w.w. en die manier waarop gesê te kenne gee dat hulle 'n wens uitdruk: *Was hy tog maar hier!*; *Had ek maar gegaan!*; *Ag, mag dit tog reën!*

Die w.w. *was, had . . . gegaan, mag . . . reën*, in hierdie sinne is dus in die byvoegende wys, omdat hulle hier een of ander *wens* weergee.

Die Afrikaner gebruik die woordjie *laat* op drieërlei wyse:—

(a) In die *gebiedende wys* as dit gevolg word deur 'n naamwoord in die vierde naamval, b.v. *Laat hom loop; Laat my los*.

(b) In die *aanvoegende wys*, gevolg deur 'n naamwoord in die vierde naamval, as dit 'n aanmoediging is om iets te doen, b.v. *Laat ons bid; Laat ons probeer*.

(c) In die *aanvoegende wys* as dit gevolg word deur 'n naamwoord in die eerste naamval, b.v. *Laat ek dit doen; Laat hy die brief lees*. Volledig sou die sinnetjies wees: *Jy laat (staan dit toe) dat ek dit doen; Jy laat (staan dit toe) dat hy die brief lees*. Die naamwoord in die eerste naamval ná *laat* is dus die onderwerp van die bysin.

Let op die onderskeid tussen *Laat hy bid*, en *Laat hom bid*.

Die onderskeid tussen die byvoegende wys en die aantoonende wys kom duidelik uit in die volgende vergelykinge:—

*Byvoegende Wys*

Had ek maar gegaan (*wens*).

Was hy maar hier (*wens*).

*Aantoonende Wys*

Hy was hier (*feit*).

Ek had gegaan (*feit*).

## HOOFSTUK XX.

## WERKWOORD (vervolg).

## DIE ONBEPAAALDE WYS.

Die *onbepaalde wys* is beter bekend as die *infinitief*. Hierdie wys is, soos die naam te kenne gee, heeltemal onbepaald. Dit druk vanself geen bepaalde handeling uit nie; maar dit word in Afrikaans, gewoonlik saam met ander woorde, gebruik vir verskillende doeleindes, en dit speel inderdaad 'n vername rol in ons taal. Dit verskil van die ander wyse hierin, dat dit nooit saam met die persoonlike voornaamwoord kan gebruik word nie! M.a.w. dit het geen persoonsvorme nie! Dit het net twee vorme, en dit is die *teenwoordige infinitief* en die *verlede infinitief*—die laasgenoemde word selde gebruik, maar hieroor word later gehandel.

*Die Vorm van die Onbepaalde Wys.*

Die *teenwoordige infinitief* het in reëlmatige Afrikaans dieselfde vorm as die *stam* van die woord—of die vorm wat ons gebruik in die teenw. tyd aantonende wys. Die infinitief van die w.w. *werk* is dus ook *werk*. Die infinitief in Hollands gaan op *-en* uit, en dit veroorsaak dat 'n mens nog hier en daar in Afrikaans 'n infinitief op *-e* kry, soos te *kenne* gee.

Die *verlede infinitief* vorm 'n mens, net soos die verlede tyd aantonende wys, met *het* en die verlede deelwoord—net die hulpw.w. *het* kom in

hierdie geval ná die verlede deelwoord, soos *gewerk het*, in die sin *Hy behoort te gewerk het*.

*Die Funksies van die Onbepaalde Wys.*

Die onbepaalde wys (teenw. tyd) word in Afrikaans gebruik:—

- 1.—Ná sekere hulpwerkwoorde.
- 2.—Ná sekere werkwoorde.
- 3.—Ná die woordjie *te*.
- 4.—Ná die uitdrukking *om te*.
- 5.—Alleen.

1.—*Ná sekere hulpwerkwoorde*, dit wil sê, ná alle *suiwer* hulpwerkwoorde word die infinitief altyd gebruik. Die suiwer hulpw.w. is *sal, kan, moet, mag, durf, en wil*. Watter deel en tyd ons ook al van hierdie w.w. gebruik, bly hulle maar suiwer hulpw.w., gevolg deur die infinitief, soos b.v. *Hy sal of sou gaan; Ons kan of kon werk; Hulle moet loop; Julle mag sing; Sy durf dit doen; Laat my staan*.

Hierdie w.w., soos reeds gesê, word altyd gevolg deur die infinitief, maar nie altyd deur die teenw. inf. nie. In hulle teenw. en verl. tye neem hulle die teenw. inf., maar in hulle volm. verl. tyd neem hulle die verl. inf., soos:—

*Ek sal gaan*: teenw. tyd met teenw. inf. *gaan*.

*Ek sou gaan*: verl. tyd met teenw. inf. *gaan*.

Maar:—

*Ek sou gegaan het*: volm. verl. tyd met verl. inf. *gegaan het*.

Alleen die woordjie *durf* volg nie hierdie reël nie. In die vorming van sy verlede tye volg dit 'n ander reël. (Sien 2e).

2.—*Ná sekere werkwoorde*: Die infinitief volg gewoonlik op die volgende werkwoorde: *laat, kom, gaan bly(f), help, leer, voel, hoor, sien, hou van*, en ook partykeer ná *ophou* en *aanhou*.

B.v. *Laat my staan; Hy kom môre werk; Ek gaan nou loop; Ons bly sit; Hy help my spit; Sy leer my skrywe; Ek voel my hart klop; Ons hoor hom sing; Hy sien my loop; Ons hou van werk.*

Waar die w.w. *hou van* deur daar gevolg word, neem dit *om te* met die inf., en die *-van* word verplaas van *hou* na *daar-*, soos *Ek hou daarvan om uit te gaan plaas-toe*. Hier is die inf. *of die bepaling van die voorwerp of die aanvulling van die w.w.* (nie hulpw.w. nie). Sonder die aanvulling sou hulle nie volledig wees nie.

Opm. (a)—Daar hierdie werkwoorde geen hulpw.w. is nie, kan natuurlik almal ook alleen gebruik word, soos *Ek het dit daar gelaat; Hy kom tuis*, ens.

(b) As ons egter 'n *bepaalde doel* wil uitdruk, dan gebruik ons *om te* met die inf. in plaas van die inf. alleen, ná party van hierdie selfde w.w., nl. *kom, gaan, help* en *leer*. Soos

*Hy kom om my te haal (met die doel om—ens).*

*Ek gaan om hom te red.*

*Hy help my om vorentoe te kom.*

*Hy leer om prokureur te word.*

(c) *Aanhou* en *ophou* kan ook *met* neem voor die inf., soos *Hou op met raas*; *Hy hou aan met fluit*. (Hier word die inf. ná 'n voorsetsel gebruik.)

Waar *aanhou* die betekenis het van *aandring*, neem dit *om te*, soos *Hy hou aan om te gaan*.

(d) Die w.w. soos *sien*, *hoor*, *voel*, *laat*, *leer*, *gaan kom*, *bly*, ens., en ook *durf*, volg 'n eenaardige konstruksie in hulle verlede tyd as hulle deur 'n inf. gevolg word. Die eenvoudige verl. tyd van hierdie w.w. is *het gesien*, *gehoor*, *gevoel*, *gelaat*, *gegaan*, ens. Word hierdie tyd egter deur 'n inf. gevolg, dan verander die verl. deelw. ook in 'n inf.—m.a.w., ons gooi die *ge-* weg, soos *Ek het hom sien loop*, i.p.v. *Ek het hom gesien loop*. So sê ons verder *Ek het hom hoor sing*; *Ek het hom laat gaan*; *Ek het hom gaan help*; *Hy het kom werk*; *Hy het bly sit*; *Hy het my leer skrywe*; en *Hy het dit nie durf doen nie*. Dié konstruksie noem ons die DUBBELE INFINITIEF. Gebruik 'n mens die verlede tyd alleen sonder 'n ander w.w. daarna, dan is dit natuurlik reëlmstig, soos *Ek het huis-toe gegaan*. *Durf*, natuurlik, kan nooit alleen gebruik word nie, behalwe in sinne waar die tweede w.w. verswyg word: *Hy het dit nie gedurf nie vir Hy het nie durf gaan nie*.

3.—Ná die woordjie *te* word die infinitief gebruik, soos *te werk*, *te loop*.

Die Afrikaner is egter so lief om *te* te gebruik dat die *te* plus die inf. maar selde in Afrikaans

voorkom. Enkele gevalle waar ons dit gebruik, is in die volgende:—

(a) Ná die w.w. *behoort* en *hoef* en *val*, soos *Hy behoort dit te doen; Jy hoef nie te gaan nie; Hieroor val (of is) niks te sê nie.* Hier is die inf. die *uitbreiding van die gesegde.*

(b) In sekere geykte terme wat ons van die Hollands oorneem, in watter gevalle die infinitief gewoonlik op 'n *-e* eindig (afkomstig van die Holl. *-en*). ('n Geykte term is 'n uitdrukking wat deur gebruik so vasgestel is dat ons dit nie kan verander nie. Ons gebruik hulle in ons taal net soos hulle is, hoewel hulle nie met ons reëls ooreënstem nie.)

*Voorbeelde*: Dis *te hope*; dit laat veel *te wense* oor; soos *te wagte* was; dis nog *te bekome*; iets *te wele* te kom; *te kenne* gee; dis daaraan *te wyte*; dis aan hom *te danke*; niks *te vinde* nie, ens. Dis net in hierdie oorgeërfde terme dat die w.w. die *e* het. Hulle gewone gebruik is reëlmatig, soos *Ek sal hoop; Jy mag wens; Hy moet wag; Wat ons ook al mag bekom; Ons sal weet*; ens.

(c) Ná die woorde *met* en *deur*, b.v. *Met (deur) sulks te doen* sal jy baie geld maak.

4.—Ná *om te*. Die gebruik van *om te* met die inf. is so algemeen in Afrikaans dat dit byna onmoontlik is om die verskillende maniere van gebruik daarvan aan te stip. Waar die Afrikaner 'n *om te* kan insteek, daar doen hy dit. Die volgende is die vernaamste gebruike daarvan:—

(a) Om *doel* uit te druk, soos *Ek gaan om hom te slaan; Ek het ore om te hoor en oë om te sien.*

(b) As 'n *verklaring* of *uitleg* van selfstandige naamwoorde, soos *Gee melk om te drink; Dit is tyd om te gaan; Dit is sy manier om so te maak.*

(c) As 'n *verklaring* van byvoeglike naamwoorde, soos *Dit is maklik om te praat, maar moeilik om uit te voer; Dit is goed om baie te lag; Dit is voorbarig van hom om soiets te sê; Ek was bang om te loop; Hy is vies om dit te doen; Dit is genoeg om jou kwaad te maak.*

In hierdie gevalle is *om te* + w.w. werklik die onderwerp van die sin, b.v. *Dis maklik om te praat* staan vir *Om te praat is maklik.*

(N.B.—Sulke sinne begin gewoonlik met *dit is* of *dis*.)

Sinne soos *Dis om van te skrik; Dis om van bang te word* is maar net gevalle waar die woord *genoeg* uitgelaat of versweë is, soos soms wel gebeur.

(d) As 'n *verklaring* of *bepaling* van die woordjies *sonder, hoe en wat*, ook die woordjie *te*, gevolg deur 'n byvoeglike n.w., soos *Sonder om 'n woord te sê, loop hy weg; Hoe om dit te doen weet nugter alleen; Wat om te doen weet ek nie; Hy is te slim om dit te doen.*

N.B.—*Sonder* kan ook *te alleen* met die inf. neem, maar dit is minder gebruiklik, b.v. *Sonder 'n woord te sê*, ens.

(e) Ná sekere oorganklike w.w.—almal w.w. wat een of ander *voorneming* of *besluit* uitdruk en dus 'n *doel* insluit—gebruik 'n mens *om te* met die inf., soos *dink, vertrou, reken, meen, besluit,*

*vra, probeer, van plan wees, gewoon wees, verlang, onderneem, belowe, aanraai, ooreenkom, ooreenstem, ens.*

Voorbeelde: *Ek dink om te gaan; Hy vertrou om môre weg te kom; Ons reken (of meen) om baie te win; Ek het besluit om dit te doen; Hy vra om hier te slaap; Hy is gewoond om dit te doen; Hy verlang om haar te sien; Hy onderneem (of beloof) om te gaan.*

Uit hierdie voorbeelde sien ons dat *om te* met die infinitief die Afrikaner se noodhulp is. Sodra hy daartoe gedrewe is om 'n verklaring of uitleg van iets te gee of om 'n doel of rede duidelik te maak, dan neem hy die toevlug na *om te* met die infinitief.

N.B.—In sinne soos *sit en lees; staan en praal; lê en lees; loop en sing*, waar daar twee gelyktydige handeling is, sou 'n mens dink dat hier 'n inf. gebruik word. Sommige mense beweër dat dit ook die geval is. Maar ander beweër dat dit nie die geval is nie. Hulle sê dat *hy sit en lees* niks anders is nie as twee kort sinnetjies aanmeekaargebind deur *en*, en dit beteken *hy sit en hy lees*. Die Afrikaner is nooit geneig om onnodige woorde te gebruik nie, en in so 'n geval soos hierdie, waar die onderwerp of handelende persoon in beide sinne dieselfde is, laat hy maar die *hy* in die tweede sin vaar en koppel die twee handeling of werkwoorde aanmekaar deur *en*. Die posiesie van die *en* is altyd net voor die tweede werkwoord. Dikwels is die tweede w.w. geskei van die eerste deur ander woorde, soos *Hy sit*

daar op die stoel met geboë hoof en (hy) ween. Nie alleen in die teenwoordige tyd nie, maar ook in die toekomstige en verlede tye vind ons hierdie konstruksie, soos:—

Teenw. tyd: *Hy staan en praat.*

Toek. tyd: *Hy sal staan en praat.*

Verl. tyd: *Hy het gestaan en praat.*

Die mense egter wat beweer dat dit wel deeglik die *infinitief-konstruksie* is, staaf hul argumente deur middel van 'n voorbeeld in die verl. tyd, b.v. *Hy het gestaan en praat.* As dit twee sinne is wat deur 'en' aanmekaargekoppel is, sê hulle, dan sou dit nie *praat* wees nie, maar wel *gepraat*. Die feit dat ons daar *praat* kry i.p.v. *gepraat*, is sterk bewys ten gunste van die infinitief-konstruksie.

5.—*Alleen.* Die infinitief staan *alleen* as dit as 'n selfstandige n.w. gebruik word, b.v. *Die regmaak van die tabberd het my 'n hele dag geneem; Lees en skrywe hou ek van.* In hierdie gevalle egter is die infinitief nie meer 'n w.w. nie en moet dus nie as sodanig beskou word nie, maar wel as 'n selfstandige n.w.

### *Die Verlede Infinitief.*

Die verlede infinitief word alleen in die volgende gevalle in Afrikaans gebruik:—

(1) Ná die w.w. *behoort* en *hoef*, soos *Hy behoort te gegaan het; Hy hoof dit nie te gedoen het nie.* Hierdie twee w.w., soos alreeds bewys, word altyd deur *te* en die inf. gevolg (sien § 3a, bls. 99). Druk hulle 'n teenwoordige begrip uit, dan neem hulle die teenwoordige inf., b.v. *Hy*

*behoort te gaan; Hy hoef dit nie te doen nie.* Daar hierdie twee w.w. geen verl. tyd van hulle eie het nie, neem hulle die toevlug tot die verl. inf. as hulle iets in die verlede moet voorstel, -soos *Hy behoort te gegaan het; Hy hoef nie te gegaan het nie.* Die werkw. *hoef* word natuurlik altyd net saam met die *ontkenning* gebruik.

(2) Saam met die *onvolm. verl. tyd* van die suiwer *hulpwerkwoorde* word die verlede infinitief van een of ander w.w. altyd gebruik. Die suiwer hulpw.w. is *sal, kan, moet, mag* en *wil* (*durf* is hier uitgesonderd); en juis omdat hulle nie in staat is om hulle volm. verlede selfstandig te vorm nie, eis hulle die verlede infinitief ná hulle om die *volmaak verlede* idee uit te druk.

*Onvolm. verl. tyd**Verl. inf.*

Ek sou ... ..	gegaan het
Ek kon ... ..	gegaan het
Ek mag ... ..	gegaan het
Ek moes ... ..	gegaan het
Ek wou ... ..	gegaan het

## HOOFSTUK XXI.

## WERKWOORD (vervolg).

## DEELWOORDE.

Elke volmaakte w.w. het ook twee deelwoorde—die *teenwoordige* en die *verlede deelwoord*.

'n Mens vorm die teenw. deelw. deur *-ende* agter aan die w.w. te las, soos *werk, werkende; loop, lopende; vlieg, vliegende* (of *vlie, vlieënde*).

Die teenw. deelw. gebruik 'n mens op die volgende maniere:—

- 1.—Om 'n handeling weer te gee.
- 2.—As 'n byvoeglike naamwoord.
- 3.—As 'n bywoord.

1.—In egte Afrikaans, veral spreektaal, word die teenw. deelw. nie veel gebruik om 'n handeling uit te druk nie. In skrywe is dit dikwels noodsaaklik, om lang sinne te vermy, om die toevlug na die teenw. deelw. te neem. As die deelw. 'n handeling uitdruk, dan staan hy in die plek van 'n hele sin, b.v. *Dit horende, loop hy weg*, is dieselfde as *Toe hy dit hoor, loop hy weg*. *Vooroor leunende fluister hy iets in my oor* kan geskrywe word *Hy leun vooroor en fluister iets in my oor*.

2.—As 'n byvoeglike naamwoord, soos *Die fluitende voëltjies en ontvouende blaartjies vertel my die somer kom.*

3.—As 'n bywoord, soos *Al fluitende stap hy die kamer in.*

Daar is nog 'n baie sonderlinge manier van uitdrukking wat in Afrikaans gebruik word as teenwoordige deelwoord, b.v. *Fluit-fluit en dans-dans kom die dronk Hottentot die straat af.* Hier het ons die *geredupliseerde* vorm van die infinitief, wat diens doen as die teenwoordige deelwoord.

#### *Verlede Deelwoord.*

Die verlede deelwoord vorm ons, soos reeds gesê (sien Opm. 3, 3a, 3b en 3c, blss. 95 en 96), deur *ge-* voor aan die w.w. te voeg, soos *geloop, gewerk, gesteel, gesing.* In die formasie, dus, van die verlede deelwoord word daar alleenlik aan die begin en nooit aan die end iets aangelas nie, en hierdie deelwoorde het alleen 'n *t* of *d* aan die end waar die w.w. self die letters het, soos *brand, gebrand; put, geput.*

In Hollands is daar 'n *sterk* vervoeging van die w.w., waarvan die stamklank verander in die verl. tyd en in die verl. deelw., wat ook op *-en* eindig, soos *stelen, stal, gestolen.* Al spore van hierdie vervoeging wat ons in Afrikaans kry, is die enkele *sterk* verl. deelw. wat nog hier en daar gebruik word. Hierdie ou verl. deelw. word byna uitsluitlik deur ons net as byvoeglike n.w. gebruik, en ons verkies dus om hierdie ou *sterk* verl. deelw. as byvoeglike n.w. te behandel. (Sien dus Byv. N.w.)

*Funksies van die Verlede Deelwoord.*

Die verlede deelwoord word gebruik :—

1. Om die verlede tyd aantoonende wys te vorm met die hulpw.w. *het* : *Ek het geloop, gesien, gesteel, vergeet*, ens. Soos reeds gesê gebruik ons in Afrikaans byna uitsluitlik die reëlmatige verlede deelw. in die vervoeging aan ons w.w. Alleen enkele ou mense sê nog *Ek het die perd verkog*, in plaas van *verkoop*.

2. Om die lydende vorm te vorm met die hulpw.w. *word*, soos *Die hond word deur my geslaan*.

3. As 'n byvoeglike naamwoord, b.v. *Die koei is verkoop*; *Die afgebrande gras* (as 'n byvoeglike n.w. kry dit natuurlik die verbuigings-*e*); *Die kind is verbrand*. As die verl. deelw. op *-l*, *-m*, *-n*, *-r* uitgaan, kry dit 'n *d* aan die end wanneer dit as 'n byvoeglike n.w. gebruik word, soos *Hy is teleurgesteld*; *Hy voel geëerd*, ens. Ons moet dus altyd seker wees as ons die verl. deelw. gebruik, of dit as 'n *werkwoord* of 'n *adjektief* voorkom. As 'n w.w. druk dit natuurlik 'n handeling uit en kry nooit enige letter aan die end nie, soos *Hy het my teleurgestel*. As 'n adj. druk dit 'n hoedanigheid of toestand uit en kry 'n *d* aan die end ná *l*, *m*, *n*, *r*, soos *Hy is teleurgesteld*; *Hy het geleer*. Maar *Hy is geleerd*, ens. Ná die w.w. *is* of *was* is die verl. deelw. gewoonlik 'n byvoeglike n.w. In die volgende gevalle is dit geen adjektief nie :—

(a) Wanneer *is* deur *het* kan vervang word, soos *Hy is gekom*, i.p.v. *het gekom*; *Jy is mos baie verander*, i.p.v. *het baie verander*.

(b) Wanneer *is* en *was* volmaakte tye in die lydende vorm voorstel. In sulke gevalle kan 'n mens altyd 'n *geword* ná die verl. deelw. inskryf, soos *Die hond is geslaan (geword)*; *Die perd is gesteei (geword)*; *Die man is gesien (geword)*. In hierdie gevalle kan 'n mens onmoontlik 'n *d* agter die verlede deelwoorde skrywe, hoewel hulle op *-l* en *-n* uitgaan. In die sin *Die hond is geleer om regop te sit*, stel dit 'n handeling voor, omdat *geword* ná *geleer* versweë is, terwyl *Die hond is geleerd* 'n voldonge feit of volmaakte toestand is. Die woordjies *getroud*, *bemoeid* en *bebroeid* is ou verlede deelwoorde, wat nou in ons taal alleenlik as adjektiewe gebruik kan word—daarom die *d* aan die end, net soos *koud* en *oud*. Daar is 'n paar uitsonderinge aan bōgegewe reël, n.l. *vermoor* en *verbleek*; b.v. *Die man is vermoor*. *Vermoor* kan daar wees of adjektief of deelwoord.

Daar ons ons nog in die oorgangsperiode bevind, mag ons hier nie te dogmaties optree nie. Die klankproses is nog aan die gang, en taalgeleerdes is dit nog nie heeltemal eens insake die bo-aangeroerde kwessie nie. Ons wens duidelik hier te laat verstaan dat in par. 3 hierbo geen reël hoegenaamd neergelê is nie; wat gesê is, dien slegs as algemene leidraad.